



Radiopraatjie vir RSG

28 Augustus 2017 Dr Chris Viljoen

Deur Piet Snyman

Navorser by die LNR – Landbouingenieurswese, Silverton, Pretoria

Landbou Produkverwerking in Suid Afrika

Suid Afrika beleef tans moeilike ekonomiese omstandighede. Die situasie verg innoverende denke met onder andere 'n sterk fokus op die Landbou sektor en meer spesifiek die Sekondêre Landbou Sektor. Landbou Produkverwerking is sinoniem met die term "Sekondêre Landbou" wat beteken die verwerking van rou landbouprodukte na bruikbare eindprodukte onder andere voedsel, veevoer, vessel, brandstof en industriële produkte. 'n Toename in die vestiging van Landbou Produkverwerkings eenhede lewer 'n bydrae tot waardetoevoeging, voedselsekureiteit en werksgeleenthede. Meer verwerkingstoerusting kan dus plaaslik vervaardig word wat weer 'n inspuiting gee tot die vervaardings sektor. Enige inisiatief moet plaasvind rondom die veelsydige verwerking van 'n rou produkbron -vanaf 'n melkbees kry jy **melk** (verwerking na kaas, botter, jogurt), **vel/huid** (verwerking na leerprodukte), **mis** (verwerking na kunsmis en biogas), **kloutjies en horings** (verwerking nag gom). Daar moet daar 'n verkenning wees na spesifieke en unieke produkbehoefte byvoorbeeld gedroogde vrugte, voedselsouse, medisinale kruie, handgemaakte leerprodukte ens. 'n Landbou Produkverwerkingsaanleg bestaan uit 'n logiese proses wat gevolg word, toerusting en beheersisteme asook infrastruktuur (terrein, geboue, elektrisiteit en –watervoorsiening). Vooraf beplanning is krities belangrik – dit sluit in marknavorsing, risikostudies, ekonomiese haalbaarheidstudies, omgewing/impak studies, energiebalans en kapasiteitbepaling- die kapasiteit (hoeveelheid ton per uur) van die eenheid word bepaal deur die verlangde produkdeurvoer teenoor die bedryfsfilosofie (stop/aanskakel of kontinue bedryfsproses). Die LNR Instituut vir Landbouingenieurswese het al verskeie bladskrifte en artikels met betrekking tot verskillende verwerkingsprosesse gepubliseer. Kleinskaal verwerkings eenhede, onder andere 'n bakkery in 'n skeepshouer ("shipping container") en olieperse is sukselvol deur die LNR Instituut vir Landbouingenieurswese getoets. Kleinskaal grondboontjebotter toerusting is deur die LNR Instituut vir Landbouingenieurswese vervaardig en getoets

Piet Snyman

Navorser by die LNR – Landbouingenieurswese

Tel: 012 842 4226 / 072 406 3255/ snymanp@arc.agric.za

e-Pos: snymanp@arc.agric.za